

## NG Proteapark Persverklaring

19 Julie 2021

Kontakpersoon: Christel Herbst



082 785 2439



[ngpparkkomm@mweb.co.za](mailto:ngpparkkomm@mweb.co.za)



## **SUURSTOF VIR ONS GEMEENSKAP**

NG Proteapark het gedurende die begin van die derde golf van die Covid-19 pandemie suurstofmasjiene vir die Rustenburg-gemeenskap beskikbaar gestel.

Wat begin het by 'n gedagte het later 'n groot behoefte aangespreek. Aanvanklik het die leraars vir die gemeente van NG Proteapark vir finansiële bydraes gevra om drie masjiene aan te koop. Tipies van hierdie gemeente, het die donasies vinnig ingestroom en kon 'n droom bewaarheid word. Gedurende die piek van die pandemiegolf is die gemeenskap in kennis gestel van hierdie besondere diens en die fone het begin lui.

Op Donderdag, 15 Julie het nog 10 masjiene bygekom, sodat hierdie gemeente die bediening nog verder kan uitbrei. Daar is nou altesaam 13 masjiene waarmee die Rustenburg-gemeenskap bedien word.

Ds Deon Strauss vertel: “Ons is oorweldig deur ons gemeente se groot harte. Dankie vir elkeen wat 'n bydrae gelewer het gedurende hierdie tyd. Ons gemeente se leuse is: ‘water wat lewe gee’, maar nou kan ons sê dat die water verander het in suurstof. Ons is baie opgewonde om ons gemeenskap op hierdie manier te kan bedien.”

Ds Willem Pretorius sluit af: “Hoe donkerder die wêreld is, hoe helderder sal die lig van die kerk en die kruis skyn. Hierdie masjiene doen juis dit: lig is suurstof in 'n persoon se duistere asemnood.”

Neem asb kennis:

- Saturasievlakke is belangrik in die behandeling van Covid-19.
- Die masjiene word uitgeleen op mediese aanbeveling.
- NG Proteapark neem geen verantwoordelikheid vir gebruik en resultate van die masjien nie.

Die gemeenskap kan die volgende nommers skakel om meer uit te vind oor die masjiene:

- NG Proteapark se kerkkantoor: 014-533 4028 (tussen 08:00 – 13:00).

Alternatiewe nommers:

- Ds Deon: 083 627 5085
- Ds Willem: 073 529 6075
- Hennie de Kock: 083 417 4460
- Jaco de Wet: 082 920 8201

**EINDE**

Op die foto is ds Deon Strauss en ds Willem Pretorius met 9 van die 13 masjiene waarmee NG Proteapark op die oomblik 'n diens lewer aan die gemeenskap.



Indien jy dringend so 'n masjien nodig het, kontak asb die kerkkantoor: 014-533 4028.

**Alternatiewe nommers:**

- Ds Deon: 083 627 5085
- Ds Willem: 073 529 6075
- Hennie de Kock: 083 417 4460
- Jaco de Wet: 082 920 8201



Wees deel van die verskil wat ons wil maak | Wees deel van die lewende Water

**SUURSTOFMASJIENE (CONCENTRATORS)**

**BESKIKBAAR**

Saturasielvlakke is belangrik | Word uitgeleen op mediese aanbeveling | NG Proteapark neem geen verantwoordelikheid vir gebruik en resultate van die masjiene nie



#ngproteapark #leefesegei47 #waterwatlewegee  
#onsgeom #onsisdiewater